
# 487 Waak, Christen, staan in die geloof



Wees, Christen, in jou Heer versterk,
want Hy wil altyd in jou werk
om kwaad en sonde te weerstrewe.
Verrig jou taak met vaste hand,
en doen jou woord altyd gestand;
wil daarby rein en matig lewe.
En wil die Here dat jy ly,
o, Christen, leer geduld daarby!

Beoefen die godvrugtigheid
en wees jou medemens altyd
tot voorbeeld in jou lewenswandel;
wil, by die eerste groot gebod
van liefde teenoor onse God,
uit liefde tot die naaste handel;
want Christus het aan ons gesê,
om ook ons vyand lief te hê.

O, God, staan met u Gees ons by
sodat dit alles in ons bly
en meer sal word deur heilservaring.
Ons leer die doel so ken al meer
van u verlossingswerk, o Heer.
Dan kom u heil tot openbaring.
gee dat ons vir u grote dag
nie ledig en onvrugbaar wag!

Jacob Doyer (1748-1805) Genéve (1562)